

**AUDITOR-GENERAL OF SOUTH AFRICA****NO. 527****01 APRIL 2019****Public Audit Act, 2004 (Act No. 25 of 2004):****Regulations on Audits by Auditors in Private Practice**

I, Thembekile Makwetu, Auditor-General of South Africa, in terms of section 52(1) of the Public Audit Act, 2004 (Act No. 25 of 2004), read together with sections 4(3), 13, 23 and Part 2 of Chapter 3 of the Act, do hereby make the regulations set out in the schedule hereto.

**SCHEDULE****Table of contents****Regulations**

1. Short title
2. Definitions
3. Criteria on audits by auditors in private practice
4. Appointment of auditor in private practice
5. Withdrawal of consent by Auditor-General
6. Discharge of auditor in private practice
7. Resignation of auditor in private practice

**Short title**

1. These regulations are the regulations on audits by Auditors in Private Practice.

## Definitions

2. In these regulations, unless the context indicates otherwise, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Public Audit Act, 2004 (Act No. 25 of 2004) has the same meaning, and –

"**Act**" means the Public Audit Act, 2004;

"**all relevant criteria**" means any information that the Auditor-General deems necessary to make a determination for purposes of section 4(3) of the Act;

"**Auditor-General**" in the sense of an individual contemplated in paragraph (b) of the definition of Auditor-General in section 1 of the Act, includes any employee of the Auditor-General as institution, designated in writing by the individual appointed as Auditor-General to exercise the powers stipulated in such designation for purposes of these Regulations;

"**engagement partner**" means the individual in the private audit practice who is responsible for the engagement and its performance, and for the report that is issued on behalf of that practise, and who, where required, has the appropriate authority from a professional, legal or regulatory body;

"**Independent Regulatory Board of Auditors**" means the regulatory board contemplated in section 3(1) of the Auditing Profession Act, 2005 (Act No. 26 of 2005);

"**institution**" means an institution contemplated in paragraphs (a) and (b) of section 4(3); and

"**in writing**" includes any electronic means recognised by the Electronic Communications and Transactions Act, 2002 (Act No. 25 of 2002), and "written" has a similar meaning.

## Criteria on audits by auditors in private practice audits

3. (1) This regulation must be read with sections 4(3) and 52(1A)(a) of the Act.

(2) For purposes of section 4(3) of the Act, the Auditor-General must take all relevant criteria into account, which may include –

- (a) the level of public interest in the affairs of an institution;
- (b) an institution's role, nature, size and mandate;
- (c) the risk and impact posed by an institution to the fiscus;
- (d) an institution's leadership structure, functionality and stability;
- (e) an institution's previous audit outcomes; and
- (f) the effort required to perform an audit at an institution and the availability of appropriate resources within the Auditor-General to perform the prospective audit engagement.

(3) The Auditor-General must by applying the criteria contemplated in subregulation (2) determine the institutions where the Auditor-General will perform an audit by utilising its own resources or a combination of its own resources and that of auditors in private practice, and institutions where the Auditor-General will not perform an audit but where the audit will be conducted by auditors in private practice, but if new information comes to the attention of the Auditor-General after having made such a determination, the Auditor-General may after applying the criteria contemplated in subregulation (2) change that determination.

(4) The Auditor-General must prior to the commencement of a financial year of institutions contemplated in section 4(3) of the Act timeously and in writing notify those institutions of its decision contemplated in subregulation (3).

(5) If the Auditor-General has not given the notice contemplated in subregulation (4) to the effect that the Auditor-General itself will conduct an audit of that institution, that institution must commence the process of appointing an auditor in private practice in terms of section 25(1)(b) of the Act.

(6) If the Auditor-General has under section 4(3) of the Act decided not to perform an audit, the institution and the auditor in private practice appointed in terms of section 25(1)(b) of the Act must comply with all the provisions and conditions of the determination made by the Auditor-General through a directive issued for this purpose.

(7) If the Auditor-General has under section 4(3) of the Act decided to perform an audit, it must determine -

- (a) the appropriate audit fee recoverable in respect of performing that audit; and
- (b) if applicable as determined by the Auditor-General, the approach to phase-in that audit, taking into account the transitional period during which the previously appointed auditor in private practice performs an audit and prepares to hand over the audit to the Auditor-General.

(8) The Auditor-General may for purposes of subregulation 7(b) -

- (a) second resources to the audit being performed by an auditor in private practice, to gain knowledge and understanding of the audit, the institution and its environment, or to manage any risk that may be of concern to the Auditor-General;
- (b) determine the terms and recovery of the secondment fee in conjunction with the institution and the auditor in private practice;
- (c) require the auditor in private practice to provide access to all activities and information forming part of the audit performed by that auditor in private practice.

(9) For the avoidance of doubt, if the Auditor-General under subregulation 8(a) second resources to an audit performed by a previously appointed auditor in private practice, those resources are not deemed to be engagement partners, and that auditor in private practice remains fully accountable, responsible and in control in respect of that audit despite the presence and access of resources of the Auditor-General or of other persons designated by the Auditor-General, unless the Auditor-General in writing determines otherwise.

#### **Appointment of auditor in private practice**

4.(1) This regulation must be read with sections 4(3), 25 and 52(1) of the Act.

(2) If the Auditor-General has under section 4(3) of the Act decided not to perform the audit of an institution contemplated in that section —

- (a) that institution must timeously before the commencement of that audit and not later than the commencement of that institution's financial year, by public procurement and in accordance with its supply chain management policy and process, subject to paragraph (b), select an auditor in private practice registered with the Independent Regulatory Board of Auditors;
- (b) that institution must, prior to appointment of that auditor in private practice by the board or executive authority of that institution and not later than the commencement of that institution's financial year, in writing notify the Auditor-General of the name of the selected auditor in private practice and provide all information required by the Auditor-General as provided in a directive issued by the Auditor-General for this purpose; and
- (c) the Auditor-General must within 14 days of receiving the notification from the institution, or such longer period as may be agreed to, review and in writing notify the institution of its consent or otherwise to such appointment, together with any conditions it may determine.

(3) If the Auditor-General consents to the appointment of the auditor in private practice selected by the institution, the institution must —

- (a) inform the auditor in private practice of his, her or its appointment, together with any conditions determined by the Auditor-General; and thereafter
- (b) together with that auditor in private practice, notify the Auditor-General of the appointment of that auditor in private practice, and acknowledge the conditions subject to which that appointment is made.

- (4) If the Auditor-General rejects the appointment of the auditor in private practice selected by the institution –
- (a) the Auditor-General must in the notice contemplated in subregulation (2)(c) provide reasons to the institution for that decision;
  - (b) the institution may within 14 days of receiving such reasons make written representations to the Auditor-General detailing the mitigations that will be put in place to address the Auditor-General's concerns identified in the reasons provided; and
  - (c) the Auditor-General must within 14 days of receiving such written representations in writing notify the institution of its decision to consent or not to consent to the appointment of the auditor in private practice selected by the institution.
- (5) If the Auditor-General after implementation of the process contemplated in subregulation (4) rejects the appointment of the auditor in private practice selected by the institution, the institution must –
- (a) with the necessary changes to the periods required, recommence the process contemplated in subregulation (2)(a), to select another auditor in private practice; or
  - (b) consider the appointment of the next qualifying auditor in private practice identified during the procurement process contemplated in subregulation (2)(a).
- (6) An appointment in terms of section 25(1)(b) of the Act –
- (a) may not exceed a period of one financial year of an auditee;
  - (b) is annually renewable for a period not exceeding five years from the date of first appointment, subject to the institution obtaining the Auditor-General's consent to the re-appointment of the auditor in private practice prior to the commencement of the relevant audit and not later than the commencement of the institution's financial year.

#### **Withdrawal of consent by Auditor-General**

- 5.(1) This regulation must be read with section 52(1) of the Act.
- (2) The Auditor-General may subject to subregulation (3) before the expiry of the term of appointment of an auditor in private practice by an institution in terms of section 25(1)(b) of the Act withdraw its consent to that appointment.
- (3) If the Auditor-General intends to withdraw its consent to the appointment of an auditor in private practice in terms of section 25(1)(b) of the Act, he or she must—

- (a) in writing simultaneously notify the auditor in private practice and the institution of his or her intention to do so, together with reasons;
  - (b) afford the auditor in private practice and the institution an opportunity to within 20 days of receipt of the notification to submit written representations to the Auditor-General; and
  - (c) after consideration of written representations, if any, in writing notify the auditor in private practice and the relevant institution of its decision, and if it is withdrawing its consent, the reasons for his or her decision.
- (4) The Auditor-General may consult with the institution and the auditor in private practice on the nature and process of the withdrawal before withdrawing its consent, and the institution and the auditor in private practice must forthwith provide all information requested by the Auditor-General in writing.
- (5) If the Auditor-General has withdrawn its consent to the appointment of an auditor in private practice -
- (a) during the period when the audit is being performed, the auditor in private practice must complete that audit, unless the Auditor-General in writing determines otherwise; and
  - (b) subject to subregulation 4(a), the institution must commence with the appointment of another auditor in private practice in terms of section 25(1)(b) of the Act and in accordance with Regulation 4.
- (6) The Auditor-General must report the withdrawal of consent to an appointment in terms of section 25(1)(b) of the Act to –
- (a) the relevant legislature; and
  - (b) the Independent Regulatory Board of Auditors.

#### **Discharge of auditor in private practice**

- 6.(1) This regulation must be read with sections 26 and 52(1) of the Act.
- (2) If the Auditor-General has under section 4(3) of the Act decided not to perform the audit of an institution contemplated in that section and that institution has appointed an auditor in private practice in terms of section 25(1)(b) of the Act, that institution may discharge that auditor in private practice only if –

- (a) that institution has in writing informed the auditor in private practice of its intention to discharge that auditor in private practice and has provided reasons for its decision;
- (b) that institution has in writing informed the Auditor-General and, if applicable, also that institution's executive authority of its intention to discharge that auditor in private practice and of the reasons for its decision;
- (c) that institution has in writing informed the auditor in private practice of his, her or its right to submit written representations to the Auditor-General within 20 days of receipt of the institution's notice; and
- (d) if applicable, that institution's executive authority has in writing consented to such discharge.

(3) The Auditor-General may consult with the institution, the auditor in private practice being discharged and, if applicable, the executive authority of that institution, on the nature and process of the discharge before giving his or her consent to the discharge, and that institution, that executive authority and that auditor in private practice must forthwith in writing provide any information required by the Auditor-General.

(4) If applicable, the executive authority of the institution must within 14 days of receipt of a request by the Auditor-General in writing inform the Auditor-General of his or her decision in respect of giving consent to the discharge requested by the institution.

(5) If the Auditor-General declines to consent to the discharge of the auditor in private practice, it must forthwith after taking that decision in writing inform the institution, the auditor in private practice and, if applicable, the executive authority of that institution of its decision and the reasons for that decision.

(6) If the institution intends to discharge an auditor in private practice during the period when the audit is being performed, the auditor in private practice must complete that audit unless the Auditor-General in writing determines otherwise.

(7) If the Auditor-General and, if applicable, the executive authority of the institution have consented to the discharge of the auditor in private practice, the institution must commence with the process of appointing an auditor in private practice in terms of section 25(1)(b) of the Act and in accordance with Regulation 4.

(8) The Auditor-General must report any discharge of an auditor in private practice in terms of section 26(1) of the Act to –

- (a) the relevant legislature; and
- (b) the Independent Regulatory Board of Auditors.

**Resignation by auditor in private practice**

7. (1) This regulation must be read with section 52(1) of the Act.
- (2) If the Auditor-General has under section 4(3) of the Act decided not to perform the audit of an institution contemplated in section 4(3), and that institution appointed an auditor in private practice in terms of section 25(1)(b) of the Act, that auditor in private practice may resign from that audit only if the auditor in private practice has in writing informed that institution as well as the Auditor-General and, if applicable, also that institution's executive authority of his, her or its intention to resign from the audit and has provided reasons for his, her or its decision.
- (3) The Auditor-General may consult with the institution, the auditor in private practice who intends to resign from the audit and, if applicable, the executive authority of that institution, on the nature and process of the resignation, and both the institution and that auditor in private practice must forthwith provide any information required by the Auditor-General.
- (4) Upon resignation of the auditor in private practice, unless determined otherwise by the Auditor-General, the institution must commence with the process of appointing another auditor in private practice in terms of section 25(1)(b) of the Act and in accordance with Regulation 4.
- (5) The Auditor-General may report any resignation by an auditor in private practice to the relevant legislature and to the Independent Regulatory Board of Auditors.



**OUDITEUR-GENERAAL VAN SUID-AFRIKA**

NO. 527

01 APRIL 2019

**Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004):  
Regulasies oor Oudits deur Ouditeurs in Privaatpraktyk**

Ek, Thembekile Makwetu, Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika, het kragtens artikel 52(1) van die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004), saamgelees met artikels 4(3), 13, 23 en Deel 2 van Hoofstuk 3 van die Wet, die regulasies uitgevaardig wat in die bylae uiteengesit is.

**BYLAE****Inhoudsopgawe****Regulasies**

1. Kort titel
2. Woordomsrywings
3. Kriteria ten opsigte van oudits deur ouditeurs in privaatpraktyk
4. Aanstelling van ouditeur in privaatpraktyk
5. Herroeping van instemming deur Ouditeur-Generaal
6. Ontslag van ouditeur in privaatpraktyk
7. Onttrekking deur ouditeur in privaatpraktyk

**Kort titel**

1. Hierdie regulasies is die Regulasies oor Oudits deur Ouditeurs in Privaatpraktyk.

**Woordomsrywings**

2. In hierdie regulasies het 'n woord waaraan 'n betekenis in die Wet geheg word, daardie betekenis, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

**“alle tersaaklike kriteria”** enige inligting wat die Ouditeur-Generaal nodig ag om ‘n vasstelling vir doeleindes van artikel 4(3) van die Wet te maak;

**“instelling”** ‘n instelling beoog in paragrawe (a) en (b) van artikel 4(3);

**“Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure”** die regulerende raad in artikel 3(1) van die Auditing Profession Act, 2005 (Wet No. 26 van 2005), bedoel;

**“auditvennoot”** die individu in die private auditpraktyk wat vir die oudittaak en die uitvoering daarvan verantwoordelik is, asook vir die verslag wat namens daardie praktyk uitgevaardig word, en wie indien nodig die toepaslike toestemming van ‘n professionele, regs- of regulatoriese liggaam het;

**“skriftelik”** ook enige elektroniese middele wat deur die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002), gemagtig word, en “geskrewe” het ‘n soortgelyke betekenis; en

**“Wet”** die Wet op Openbare Oudit, 2004.

### **Kriteria ten opsigte van audits deur ouditeurs in privaatpraktyk**

3. (1) Hierdie regulasie moet met artikels 4(3) en 52(1A)(a) van die Wet saamgelees word.

(2) Die Ouditeur-Generaal moet vir doeleindes van artikel 4(3) van die Wet alle tersaaklike kriteria in ag neem wat die volgende kan insluit:

- (a) die vlak van openbare belang in die sake van ‘n instelling;
- (b) ‘n instelling se rol, aard, grootte en mandaat;
- (c) die risiko en uitwerking waaraan die fiskus deur ‘n instelling blootgestel word;
- (d) ‘n instelling se leierskapstruktuur, funksionaliteit en stabiliteit;
- (e) ‘n instelling se vorige auditresultate; en
- (f) die werksomvang om ‘n audit by ‘n instelling te doen en die beskikbaarheid van toepaslike hulpbronne binne die Ouditeur-Generaal om die voorgename audit uit te voer.

(3) Die Ouditeur-Generaal moet deur die toepassing van die kriteria beoog in subregulasie (2) ‘n vasstelling maak ten opsigte van die instellings waar die Ouditeur-Generaal ‘n audit met gebruik van eie middele gaan onderneem, of deur ‘n kombinasie van eie hulpbronne en dié van ouditeurs in privaatpraktyk, en instellings waar die Ouditeur-Generaal nie ‘n audit gaan onderneem nie maar waar die audit deur ouditeurs in privaatpraktyk uitgevoer gaan word, maar indien nuwe inligting onder die aandag van die Ouditeur-Generaal na sodanige vasstelling kom, kan die Ouditeur-Generaal na toepassing van die kriteria beoog in subregulasie (2) daardie vasstelling verander.

(4) Die Ouditeur-Generaal moet betyds en skriftelik voor die aanvang van 'n finansiële jaar van instellings beoog in artikel 4(3) van die Wet aan daardie instellings van die besluit beoog in subregulasie (3) kennis gee.

(5) Indien die Ouditeur-Generaal nie die kennis beoog in subregulasie (4), tot dien effekte dat die Ouditeur-Generaal self 'n audit van daardie instelling gaan onderneem, gegee het nie, moet daardie instelling die proses begin om 'n ouditeur in privaatpraktyk ooreenkomstig artikel 25(1)(b) van die Wet aan te stel.

(6) Indien die Ouditeur-Generaal kragtens artikel 4(3) van die Wet besluit het om nie 'n audit te onderneem nie, moet die instelling en die ouditeur in privaatpraktyk ooreenkomstig artikel 25(1)(b) van die Wet aangestel aan al die bepalings en voorwaardes van die vasstelling voldoen wat deur die Ouditeur-Generaal gemaak is by wyse van 'n direktief wat vir daardie doel uitgevaardig is.

(7) Indien die Ouditeur-Generaal kragtens artikel 4(3) van die Wet besluit het om 'n audit te onderneem, moet bepaal word -

(a) hoeveel die toepaslike auditfooi is wat ten opsigte van die uitvoering van daardie audit verhaalbaar is; en

(b) indien van toepassing, soos deur die Ouditeur-Generaal bepaal, die benadering tot die infasering van daardie audit, met inagneming van die oorgangperiode waartydens die voorheen-aangestelde ouditeur in privaatpraktyk 'n audit onderneem het en voorberei om die audit aan die Ouditeur-Generaal te oorhandig.

(8) Die Ouditeur-Generaal kan vir doeleindes van subregulasie 7(b) -

(a) hulpbronne sekondeer aan die audit wat deur 'n ouditeur in privaatpraktyk onderneem word, ten einde kennis en begrip van die audit, die instelling en sy omgewing te verkry, of van enige risiko wat vir die Ouditeur-Generaal van belang mag wees;

(b) die bepalings en verhalings van 'n fooi vir die sekondering in samewerking met die instelling en die ouditeur in privaatpraktyk vas te stel;

(c) van die ouditeur in privaatpraktyk verlang om toegang tot alle aktiwiteite en inligting wat deel vorm van die audit wat deur daardie ouditeur in privaatpraktyk onderneem word, te verkry.

(9) Ten einde enige twyfel uit die weg te ruim, indien die Ouditeur-Generaal kragtens subregulasie 8(a) hulpbronne sekondeer aan 'n audit wat deur 'n vooraf-aangestelde ouditeur in privaatpraktyk onderneem word, moet daardie hulpbronne nie geag word ouditvennote te wees nie, en daardie ouditeur in privaatpraktyk bly ten volle aanspreeklik, verantwoordelik en in beheer ten opsigte van daardie audit nieteenstaande die teenwoordigheid van en toegang tot hulpbronne van

die Ouditeur-Generaal of van ander persone deur die Ouditeur-Generaal aangewys, tensy die Ouditeur-Generaal skriftelik anders bepaal.

### **Aanstelling van ouditeur in privaatpraktyk**

4.(1) Hierdie regulasie moet met artikels 4(3), 25 en 52(1) van die Wet saamgelees word.

(2) Indien die Ouditeur-Generaal kragtens artikel 4(3) van die Wet besluit het om nie die audit van 'n instelling beoog in daardie artikel te onderneem nie moet —

- (a) daardie instelling betyds voor die aanvang van daardie audit maar nie later as die aanvang van daardie instelling se finansiële jaar, deur middel van openbare verkryging en ooreenkomstig sy beleid en proses ten opsigte van voorsieningsketteringbestuur, onderhewig aan paragraaf (b), 'n ouditeur in privaatpraktyk kies wat by die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure geregistreer is;
- (b) daardie instelling, voor die aanstelling van daardie ouditeur in privaatpraktyk deur die raad of uitvoeringsgesag van daardie instelling maar nie later as die aanvang van daardie instelling se finansiële jaar nie, skriftelik die Ouditeur-Generaal van die naam van die gekose ouditeur in privaatpraktyk in kennis stel en alle inligting verskaf wat deur die Ouditeur-Generaal verlang word, soos bepaal in 'n direktief wat deur die Ouditeur-Generaal vir hierdie doel uitgereik is; en
- (c) die Ouditeur-Generaal binne 14 dae na ontvangs van die kennisgewing vanaf die instelling, of sodanige langer tydperk as waarop daar ooreengekom mag word, dit oorweeg en die instelling skriftelik van die Ouditeur-Generaal se instemming of andersins ten opsigte van sodanige aanstelling in kennis stel, tesame met enige voorwaardes wat vasgestel mag word.

(3) Indien die Ouditeur-Generaal instem tot die aanstelling van die ouditeur in privaatpraktyk wat deur die instelling gekies is, moet die instelling —

- (a) die ouditeur in privaatpraktyk in kennis stel van sy, haar of die praktyk se aanstelling, tesame met enige voorwaardes deur die Ouditeur-Generaal vasgestel; en daarna
- (b) samelopend met daardie ouditeur in privaatpraktyk, die Ouditeur-Generaal van die aanstelling van daardie ouditeur in privaatpraktyk in kennis stel, en erkenning gee aan die voorwaardes waaronder daardie aanstelling gemaak is.

(4) Indien die Ouditeur-Generaal die aanstelling van die ouditeur in privaatpraktyk wat deur die instelling gekies is, verwerp —

- (a) moet die Ouditeur-Generaal in die kennisgewing beoog in subregulasie (2)(c) redes aan die instelling vir daardie besluit verskaf;
  - (b) kan die instelling binne 14 dae na ontvangs van sodanige redes skriftelike verhoë tot die Ouditeur-Generaal rig waarin besonderhede verskaf word van lenigingsmaatreëls wat aangebring sal word om die bedenkinge wat deur die Ouditeur-Generaal geïdentifiseer is in die redes wat verskaf is, aan te spreek; en
  - (c) moet die Ouditeur-Generaal binne 14 dae na ontvangs van sodanige skriftelike verhoë die instelling skriftelik van die Ouditeur-Generaal se besluit om of in te stem of om nie in te stem nie tot die aanstelling van die ouditeur in privaatpraktyk wat deur die instelling gekies is.
- (5) Indien die Ouditeur-Generaal na toepassing van die proses beoog in subregulasie (4) die aanstelling van die ouditeur in privaatpraktyk wat deur die instelling gekies is, verwerp, moet die instelling—
- (a) met die toepaslike veranderings aan die vereiste tydperke, die proses beoog in subregulasie (2)(a) herbegin, ten einde 'n ander ouditeur in privaatpraktyk te kies; of
  - (b) die aanstelling van die volgende kwalifiserende ouditeur in privaatpraktyk wat tydens die verkrygingsproses beoog in subregulasie (2)(a) geïdentifiseer is, oorweeg.
- (6) 'n Aanstelling ooreenkomstig artikel 25(1)(b) van die Wet —
- (a) mag nie 'n tydperk van een finansiële jaar van 'n geouditeerde oorskry nie;
  - (b) is jaarliks hernubaar vir 'n tydperk wat nie vyf jaar oorskry nie, vanaf die datum van die eerste aanstelling, onderhewig daaraan dat die instelling die Ouditeur-Generaal se instemming tot die heraanstelling van die ouditeur in privaatpraktyk verkry voor die aanvang van die tersaaklike oudit en nie later as die aanvang van die instelling se finansiële jaar nie.

### **Herroeping van instemming deur Ouditeur-Generaal**

- 5.(1) Hierdie regulasie moet met artikel 52(1) van die Wet saamgelees word.
- (2) Die Ouditeur-Generaal kan onderhewig aan subregulasie (3) voor die afloop van die termyn van aanstelling van 'n ouditeur in privaatpraktyk deur 'n instelling ooreenkomstig artikel 25(1)(b) van die Wet sy instemming tot daardie aanstelling herroep.
- (3) Indien die Ouditeur-Generaal beoog om sy instemming tot die aanstelling van 'n ouditeur in privaatpraktyk ooreenkomstig artikel 25(1)(b) van die Wet te herroep, moet hy of sy —

- (a) skriftelik en gelyktydig die ouditeur in privaatpraktyk asook die instelling van sy of haar voorneme om dit te doen, inlig, tesame met redes;
  - (b) die ouditeur in privaatpraktyk en die instelling 'n geleentheid gun om binne 20 dae na ontvangs van die kennisgewing geskrewe verstoë tot die Ouditeur-Generaal te rig; en
  - (c) na oorweging van die geskrewe verstoë, indien enige, die ouditeur in privaatpraktyk en die tersaaklike instelling van sy of haar besluit in kennis stel, en indien die instemming herroep word, die redes vir sy of haar besluit.
- (4) Die Ouditeur-Generaal met die instelling en die ouditeur in privaatpraktyk raadpleging voer ten opsigte van die aard en proses van die herroeping voor die herroeping van die instemming, en die instelling en die ouditeur in privaatpraktyk moet onverwyld alle inligting skriftelik verskaf wat deur die Ouditeur-Generaal vereis word.
- (5) Indien die Ouditeur-Generaal sy of haar instemming tot die aanstelling van 'n ouditeur in privaatpraktyk herroep het -
- (a) tydens die tydperk waarin die audit onderneem word, moet die ouditeur in privaatpraktyk daardie audit voltooi, tensy die Ouditeur-Generaal skriftelik anders bepaal het; en
  - (b) onderhewig aan subregulasie 4(a), moet die instelling begin met die aanstelling van 'n ander ouditeur in privaatpraktyk ooreenkomstig artikel 25(1)(b) van die Wet en Regulasie 4.
- (6) Die Ouditeur-Generaal moet verslag doen met betrekking tot die herroeping van instemming tot 'n aanstelling ooreenkomstig artikel 25(1)(b) van die Wet aan –
- (a) die tersaaklike wetgewer; en
  - (b) die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure.

### **Ontslag van ouditeur in privaatpraktyk**

- 6.(1) Hierdie regulasie moet met artikels 26 en 52(1) van die Wet saamgelees word.
- (2) Indien die Ouditeur-Generaal kragtens artikel 4(3) van die Wet besluit het om nie die audit van 'n instelling beoog in daardie artikel te onderneem nie en daardie instelling het 'n ouditeur in privaatpraktyk ooreenkomstig artikel 25(1)(b) van die Wet aangestel, kan daardie instelling daardie ouditeur in privaatpraktyk ontslaan slegs indien –

- (a) daardie instelling die ouditeur in privaatpraktyk skriftelik van sy voorneme om daardie ouditeur in privaatpraktyk te ontslaan, in kennis gestel het, en redes vir sy besluit verskaf het;
- (b) daardie instelling die Ouditeur-Generaal en, indien van toepassing, ook daardie instelling se uitvoeringsgesag, skriftelik in kennis gestel het van sy voorneme om daardie ouditeur in privaatpraktyk te ontslaan, tesame met die redes vir sy besluit;
- (c) daardie instelling die ouditeur in privaatpraktyk van sy of haar reg in kennis gestel het om geskrewe vertoë aan die Ouditeur-Generaal binne 20 dae van ontvangs van die instelling se kennisgewing, te rig; en
- (d) indien van toepassing, daardie instelling se uitvoeringsgesag skriftelik tot sodanige ontslag ingestem het.

(3) Die Ouditeur-Generaal kan met die instelling, die ouditeur in privaatpraktyk wat ontslaan staan te word en, indien van toepassing, die uitvoeringsgesag van daardie instelling, beraadslaag, ten opsigte van die aard en proses van die ontslag alvorens hy of sy of haar instemming tot die ontslag gee, en daardie instelling, daardie uitvoeringsgesag en daardie ouditeur in privaatpraktyk moet onverwyld skriftelik enige inligting verskaf wat deur die Ouditeur-Generaal vereis word.

(4) Indien van toepassing moet die uitvoeringsgesag van die instelling, binne 14 dae van ontvangs van 'n versoek deur die Ouditeur-Generaal, die Ouditeur-Generaal skriftelik van sy of haar besluit ten opsigte van die gee van instemming tot die ontslag wat deur die instelling versoek is, in kennis stel.

(5) Indien die Ouditeur-Generaal sy of haar instemming tot die ontslag van die ouditeur in privaatpraktyk weerhou, moet die Ouditeur-Generaal onverwyld die instelling, die ouditeur in privaatpraktyk en, indien van toepassing, die uitvoeringsgesag van daardie instelling van sy of haar besluit in kennis stel, tesame met redes ten opsigte van daardie besluit.

(6) Indien die instelling van voorneme is om 'n ouditeur in privaatpraktyk tydens die tydperk waarin die oudit uitgevoer word te ontslaan, moet die ouditeur in privaatpraktyk daardie oudit voltooi, tensy die Ouditeur-Generaal skriftelik anders gelas.

(7) Indien die Ouditeur-Generaal en, indien van toepassing, die uitvoeringsgesag van die instelling tot die ontslag van die ouditeur in privaatpraktyk ingestem het, moet die instelling begin met die proses van aanstelling van 'n ouditeur in privaatpraktyk ooreenkomstig artikel 25(1)(b) van die Wet en Regulasie 4.

(8) Die Ouditeur-Generaal moet met betrekking tot enige ontslag van 'n ouditeur in privaatpraktyk ooreenkomstig artikel 26(1) van die Wet verslag doen aan –

- (a) die tersaaklike wetgewer; en

- (b) die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure.

### **Ottrekking deur ouditeur in privaatpraktyk**

7. (1) Hierdie regulasie moet met artikel 52(1) van die Wet saamgelees word.

(2) Indien die Ouditeur-Generaal kragtens artikel 4(3) van die Wet besluit het om nie die oudit van 'n instelling beoog in artikel 4(3) te onderneem nie, en daardie instelling het 'n ouditeur in privaatpraktyk ooreenkomstig artikel 25(1)(b) van die Wet aangestel, kan daardie ouditeur in privaatpraktyk van daardie oudit onttrek slegs indien die ouditeur in privaatpraktyk daardie instelling sowel as die Ouditeur-Generaal en, indien van toepassing, ook daardie instelling se uitvoeringsgesag skriftelik in kennis gestel het van sy, haar of die praktyk se voorneme om van die oudit te onttrek en redes for sy, haar of die praktyk se besluit verskaf het.

(3) Die Ouditeur-Generaal kan beraadslaag met die instelling, die ouditeur in privaatpraktyk wat van voorneme is om van die oudit te onttrek en, indien van toepassing, die uitvoeringsgesag van daardie instelling, ten opsigte van die aard en proses van onttrekking, en beide die instelling en daardie ouditeur in privaatpraktyk moet onverwyld enige inligting verskaf wat deur die Ouditeur-Generaal vereis word.

(4) Na onttrekking van die ouditeur in privaatpraktyk, tensy die Ouditeur-Generaal anders gelas het, moet die instelling begin met die proses om 'n ander ouditeur in privaatpraktyk ooreenkomstig artikel 25(1)(b) van die Wet en Regulasie 4 aan te stel.

(5) Die Ouditeur-Generaal kan aan enige tersaaklike wetgewer of die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure ten opsigte van die onttrekking deur 'n ouditeur in privaatpraktyk verslag doen.